# GKSA NUUSBROKKIES

## Sondag 1 November 2020

### LIEF EN LEED

**Beterskapwense**

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir 'n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

**Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae**



| | |
|---|---|
| 1 November | Ds WJ Botha (Willem) – GK Bloemfontein-Noord |
| 1 November | Mev MM van Vuuren (Riëtta), eggenote van ds TJ van Vuuren (Tommie) – GK Heilbron |
| 2 November | Ds JP Sithole (Paul) – GK Kwa Mncane |
| 3 November | Dr RN Makungo (Robert) – GK Trans-Letaba |
| 4 November | Ds SJ Ntuli (Simon) – GK Munywana |
| 4 November | Ds JC Potgieter (JC) – GK Tshwane |
| 5 November | Mev W van der Waal (Wya), eggenote van ds WM van der Waal (Willem) – GK Linden |

**Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae**

| | |
|---|---|
| 1 November | Ds EJ Smit (Rassie) – GK Pretoria-Magalieskruin |
| 1 November | Dr SJ van der Merwe (Sarel) – GK Mafikeng |
| 3 November | Dr ME Schalekamp (Etienne) – GK Ontdekkers |
| 4 November | Mev SM Laubscher (Sielie), eggenote van ds NG Laubscher (Nic) – GK Buffeldoorns |
| 4 November | Mev SJ Snyman (Sarie), eggenote van ds SD Snyman (Danie) – GK Pretoria-Magalieskruin |

**Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaarsdag**

| | |
|---|---|
| 2 November | Erasmus Venter |

**Hartlike gelukwense aan die volgende personeellid by die Kerkargief met haar verjaarsdag**

5 November Me Carmie Huisman

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*



## KERKLIKE ADMINISTRASIE


**Beroepe ontvang**

- Ds JC van Dyk (Jannes) van GK Ventersdorp na GK Potchefstroom
- Ds PF Venter (Peter) van GK Vanderbijlpark Trinitas na GK Hoëveld

## Beroepbaarstelling ingevolge KO, art 11



**Ds MJ Nkili (Jafta en Zondiwe)**
**Sel: 082 749 5080**
**E-pos:** nkilijafta@gmail.com
Beroepbaarstelling is geldig tot die volgende Klassis in 2021



**Ds Z van 't Zand (Zander en Marina)**
**Sel. 076 278 6935**
**E-pos: zvantzand@gmail.com**
Die beroepbaarstelling is geldig tot 30 Junie 2021

SINODALE DEPUTATE: BYBEL
van die
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

# BESTELVORM

## BORG 'N BYBEL

| | |
|---|---|
| Naam van Gemeente: | |

Inligting van kontakpersoon:

| | |
|---|---|
| Naam en Van: | |
| Selfoonnommer: | |
| E-pos adres: | |

Hoeveelheid:

| R5 pilhouers: | | Noot-buise: | |
|---|---|---|---|
| Beskrywing:<br>Die R5-00 pilhouer wat oor 'n tydperk (gewoonlik 3 maande van Nagmaal tot Nagmaal) as projek bedryf kan word. As die pilhouer vol is skenk die lidmaat een Bybel. |  | Beskrywing:<br>Die Noot-buis neem die vorm aan van 'n eenmalige en spesiale NOOT-kollekte vir Bybelverspreiding, gewoonlik tydens Nagmaal of Hervormings Sondag. Die buis word aan elke lidmaat uitgedeel voor die diens. Tydens die kollekte plaas die lidmaat sy/haar keuse noot in die buis wat dan opgeneem word. |  |

Eerste opsie: Naaste PostNet waarheen houers gratis gepos moet word:

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum naam: | |
| Straatadres: | |
| Dorp: | |

Tweede opsie: Naaste Pep waarheen houers gratis gepos moet word:

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum naam: | |
| Straatadres: | |
| Dorp: | |

E-pos terug aan: Francina van Vuuren by vanvuuren@biblesociety.co.za

LET WEL: *Fondse word as Bybelverspreiding soos verkies via die Admin Buro oorbetaal of direk.*

Beste Vriend

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika** stel met trots die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel bekend.

*Die Bybel: 2020-vertaling*, is die jongste, mees relevante Afrikaanse vertaling wat saamgestel is uit die nuutste beskikbare brontekste. Die vertaling streef daarna om lesers te laat voel of die Bybelskrywers van ouds in hul eie woorde self die wonderlike liefdesverhaal van God en die mens aan hulle oordra. Terselfdertyd is die teks in vloeiende, idiomatiese Afrikaans geskryf, met omvattende, beskrywende voetnote.

Die Bybel word amptelik op 29 November 2020 in Bloemfontein bekendgestel maar kan egter reeds direk by die Bybelgenootskap verkry word. Die Bybels is in die volgende bindstyle en uitgawes beskikbaar:

| | | |
|---|---|---|
| 9780798224185 | AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband | R129 |
| 9780798224192 | AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks | R329 |
| 9780798224208 | AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, hoofletteruitgawe, mediumgrootte, swart hardeband | R129 |
| 9780798224215 | AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, hoofletteruitgawe, mediumgrootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks | R329 |
| 9780798224222 | AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel met Deuterokanonieke boeke, mediumgrootte, volkleur hardeband | R229 |

Vir meer inligting oor *Die Bybel: 2020-vertaling* besoek gerus www.bybeldirektevertaling.co.za

Om jou eksemplaar van hierdie nuwe Afrikaanse Bybel te koop, stuur 'n e-pos aan sales@biblesociety.co.za of besoek ons aanlynwinkel.

## NUUT OP DIE GKSA SE BOEKRAK

Hierdie boek is niks anders nie as 'n voortsetting van die boek *Teologie van die Koninkryk* wat die skrywer in 2015 gepubliseer het. Die temas volg die orde van die dogmatiek en die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit handel oor onderwerpe waarmee die teoloog voortdurend gekonfronteer word, soos byvoorbeeld: Hoe die Bybel verstaan en toegepas behoort te word; oor die uitverkiesing en geloofsvryheid; oor die opstanding van Christus; oor kerk en koninkryk sowel as oor kerkeenheid; oor die verhouding kerk en 'volk' asook apartheid; oor die genademiddele; oor Augustinus, kernwapens, etiese kwessies en die eindtyd. Twee byvoegsels bespreek ook die eindgebeure en hoe Christene vrede kan bewerk. Aldus word 'n magdom van onderwerpe bespreek wat die teologiese student sal prikkel, die predikant en teoloog sal toerus en die belangstellende leser se kennis van geloofsake sal verbreed en verdiep (406 bll).




**Verkrygbaar** by die Administratiewe Buro
Posbus 20004,
Noordbrug 2522,
Potchefstroom


Telefoon 018 297 3986.

E-pos: bestellings@gksa.co.za


Prys R250 plus versendingskoste.

JH van Wyk, 2018, *Augustinus. ‘n Studie oor die etiek van ‘n kerkvader uit Afrika,* Sun Press (African Sun Media), 233 bladsye. Prys ongeveer R200 plus posgeld.


In die boek fokus die skrywer op die etiese gesigspunte van hierdie groot kerkvader uit Afrika, maar hy doen dit teen die agtergrond van die lewe van die kerkvader en sy dogmatiese gesigspunte. Augustinus word beskou as een van die heel grootste teoloë wat ooit geleef het en lewer ‘n illustrasie dat Afrika ook ‘n groot bydrae tot die teologie in die kerk- en kultuurgeskiedenis gemaak het. Die boek het ook in Holland heelwat aandag getrek in resensies wat daar verskyn het. In Suid-Afrika het die boek in 2019 die Andrew Murray-prys ontvang. Een van die keurders van die boek het opgemerk: “Ek oordeel dat hierdie een [die boek] een van die heel beste teologiese boeke is wat nog in Afrikaans geskryf is.” ‘n Ander keurder het geskryf: “Hierdie werk staan uit as een van die groot teologiese bydraes in Afrikaans die afgelope drie dekades.” Die boek is in vloeiende Afrikaans geskryf en studente, teoloë en belangstellende lesers sal deur die inhoud verryk word.




# GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
## (Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)




**Bestel by: Administratiewe Buro**
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
**Prys R155.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)**




**Prys R90.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)**




**Prys R20.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)**

Gereformeerde Kerk Lyttelton

# KERK BASAAR

## Vrydag 06 November 08:00 - 20:00
## Saterdag 07 November 08:00 - 12:00

### Lekker familie pret, kuier en lag!

Vetkoek |Kerrie & Rys | Pannekoek | Hamburgers | Poeding |
Naaldwerk | Teetuin | Groente | Konfyt |
Heerlike Gebak | Wit Olifante

**Vrydagmiddag 17:00**
**Boerebraai en Boereorkes**

*250g Steak, Pap en Sous, Mengelslaai en Tuisgebakte Brood*
***R75 per persoon***

**Bespreek jou kaartjies vandag!**

H/V Stasie en Monument Straat, Lyttelton

Navrae: 012 664 4325 |083 263 7641



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ek wil tot eer van die Here sing
so lank ek lewe,
ek wil die lof van my God besing
so lank ek daar is.
Mag hierdie bepeinsinge van my
vir Hom aanneemlik wees!
Ek wil my in die Here verbly.
*Psalm 104:33 en 34*